

Gereformeerde Kerk Bellville – 3 September 2017 – Oggend

Sing vooraf staande: Psalm 24:1, 2 (p. 111)

- 1 Die ganse aarde, land en meer / met al wat leef, is uwe, HEER!
U het die waters in hul woede / betoel in die skeppingstond
en het die aarde vas gegrond / op wye seë^{en} watervloede.
- 2 Wie sal die Godsberg op kan gaan, / en wie sal op sy top kan staan,
omskitter deur Gods heilighede? / Die man wat rein van hart en weg,
sy siel aan nietigheid nie heg, / en trou is aan sy woord en ede.

Ek slaan my oë op na die berge: waar sal my hulp vandaan kom? My hulp is van die HERE
wat hemel en aarde gemaak het.

Genade en vrede vir julle van Hom wat is en wat was en wat kom, en van die sewe
Geeste voor sy troon, en van Jesus Christus, die geloofwaardige getuie, die eerste wat uit
die dood opgestaan het, die heerser oor die konings van die aarde.

Amen.

Loflied: Psalm 33:1, 2 (p. 157)

- 1 Sing vrolik, hef die stem na bowe; / regverdiges, verhef die HEER!
Dit pas opregtes God te lowe / en uit te jubel tot sy eer.
Laat die psalmgesange – / stem van sterk verlange / om die HEER te dank –
by die smeltendskone / harp- en sitertone, / liefde^{en} lof verklank!
- 2 Sing nuwe sange, nuutgebore / uit aandrif van die skoonste kuns;
trompetgeklank deur tempelkore / moet danksê vir Gods nuwe guns.
Wat ons toegeseg is / in Gods Woord wat reg is, / het ons hart verbly;
en Gods almagsmerke / sien ons op sy werke – / waar en reg soos Hy.

Geloofsbelydenis: Nicea

Wet

Psalm 103:1, 2 (p. 504)

- 1 Loof, o my siel, en alles wat in my is, / loof, loof die HEER in wie 'k van harte bly is!
Verhef sy heil'ge Naam met lof en prys! / Laat hoor, my siel, die stem van dankgebede,
vergeet nooit een van sy weldadighede, / vergeet Hom nie wat jou sy guns bewys.
- 2 Loof Hom wat jou, van skuldelaas onthewe, / genadiglik die sondes wil vergewe,
jou krankheid ken en liefderyk genees; / wat van die dood jou lewe weer verskoon het,
met goedheid en ontferming jou gekroon het, / en in die nood is Hy jou hulp gewees.

Gebed

Psalm 50:7, 11 (p. 255) (Tweede melodie)

- 7 “Kom, offer Gode dank en prys! / Geloftes aan die HEER gedaan,
betaal dit Hom met eerbewys! / En roep in tyd van nood My aan.
Ek sal jou uithelp, sê die HEER; / en dankbaar-bly sal jy My eer.”
- 11 “Hy wat sy dank My offer met / 'n hart gestem tot lof en prys,
wat op sy weg en wandel let – / hý is dit wat My eer bewys.
En, daar hy op my guns vertrou, / sal hy met vreug my heil aanskou.”

Skriflesing: Filippense 4:2-20

Kernverse: Filippense 4:17-19

Nie dat ek die gawe soek nie, maar ek soek die vrug wat oorfloedig word op julle rekening. Maar ek het alles ontvang, en ek het oorfloed. Ek het dit volop noudat ek van Epafrodítus ontvang het wat deur julle gestuur is, 'n lieflike geur, 'n welgevallige offer, welbehaaglik by God. En my God sal elke behoefte van julle vervul na sy rykdom in heerlikheid deur Christus Jesus. (Filippense 4:17-19 AFR53)

Tema: Getroue dankoffers aan die getroue God

Geliefde gemeente van ons Here Jesus Christus, as daar nou een onderwerp in die kerklike lewe is wat mense nie gretig is om te bespreek nie is dit dankoffers, of soos wat die meeste lidmate dit noem, jou kerklike bydrae. Ouderlinge skram dikwels van hierdie onderwerp weg omdat dit so 'n sensitiewe saak is. Miskien het hulle al met lidmate te doen gekry wat sommer kwaad geword het omdat hulle vermaan is oor die gebrek aan 'n dankoffer. Om oor geld in die preek en tydens huisbesoek te praat is verseker 'n netelige onderwerp.

Sommer hier aan die begin van die preek moet dit duidelik gestel word dat die kerkraad nie versoek het dat daar 'n preek oor dankoffers gemaak moet word nie. En dat dankoffers juis vandag ter sprake kom wanneer 'n verbondskindjie gedoop word, en boonop in 'n tyd waarin baie lidmate finansieel swaarkry, is nie omdat die prediker moedswillig of onsensitief is nie. In die verlede is daar al opgemerk: wanneer daar 'n reeks preke vanuit 'n boek gemaak word, is dit onvermydelik dat onderwerpe wat meestal vermy sal word ook aan die orde sal kom. Die Here praat daarvoor in sy Woord, daarom mag die dienskneg dit nie verswyg nie.

Hierdie saak oor die getroue gee van dankoffers is nie sommer net as 'n nagedagte aan die einde van die brief vasgeplak is nie. Ons het verlede week opgemerk dat die Heilige Gees vir Paulus in so 'n intieme verhouding met die Here laat leef het dat hy in elke omstandigheid en geleentheid 'n rede gesien het om van die Here te vertel. Vanaf vers 10 is Paulus besig om maar net dankie te sê vir die geskenk wat die Filippense met Epafroditos aan hom gestuur het. In die proses om dankie te sê maak die Heilige Gees twee geleenthede vir Paulus oop – 'n geleentheid om die lesers van hierdie brief te leer van ware tevredenheid oor alles in 'n mens se lewe en 'n geleentheid om te praat oor die getroue gee van gawes vir die diens van die Here.

Broers, susters en kinders, vers 19 is seker een van die troosrykste beloftes wat die Here aan sy gelowiges gee:

En my God sal elke behoefte van julle vervul na sy rykdom in heerlikheid deur Christus Jesus. (Filippense 4:19 AFR53)

Daar is verseker nie een mens wat nee dankie vir so 'n belofte sal sê nie. Maar nou moet 'n mens die verband tussen hierdie belofte en die voorafgaande ook raaksien. Die belofte vloei organies voort uit die dankbetuiging wat Paulus uitspreek oor die Filippense se getrouheid in die gee van gawes vir die Here. En dit is uit hierdie dankbetuiging wat al by vers 15 begin waarin die Heilige Gees enkele sake oor die gee van dankoffers vir ons leer. Die Here praat op verskeie ander plekke ook oor die gee van dankoffers en daar gee Hy ook beginsels. Maar kom ons luister na die beginsels wat die Heilige Gees hier vir ons leer.

In vers 15 en 16 prys Paulus die Filippense oor dit wat hulle al van die begin van hulle bestaan as gemeente gedoen het.

En julle, Filippense, weet ook dat in die begin van die evangelie, toe ek van Macedónië vertrek het, geen gemeente deel gehad het in my rekening van uitgawe en inkomste nie, behalwe julle alleen. Want ook in Thessaloníka het julle vir my behoefte meer as een maal iets gestuur. (Filippense 4:15-16 AFR53)

Ons weet nie hoe lank Paulus in Filippi werksaam was nie. Volgens Lukas het hulle 'n paar dae in die stad gebly (Hand 16:12). In die bestek van hierdie paar dae het die Heilige Gees vir Lidia en haar huisgesin sowel as die tronkbewaarder en sy huisgesin tot bekering en geloof in Jesus Christus gebring. Die Here het hierdie gelowiges baie vinnig so 'n vaste geloof gegee dat Paulus met gerustheid verder kon gaan op sy sendingreis.

Nou sê Paulus dat die Filippense al van die begin van sy evangelieverkondiging in Masedonië en verder deel gehad het aan sy rekening van uitgawe en inkomste. Paulus sou sekerlik vir die gelowiges in Filippi geleer het dat die een wat die evangelie verkondig ook sy lewensonderhoud ontvang van diegene wat die evangelie hoor. Dit is immers 'n beginsel wat die Here al van die dae van Moses af aan sy volk gegee het. Die Leviete het nie 'n grondgebied ontvang nie, maar die Here was hulle deel. Hulle het geleef van die offergawes wat die volk vir die Here gegee het.

Maar dit is ook opmerklik dat die apostel Paulus nie verwag het dat 'n gemeente hom moet onderhou terwyl hy by hulle werksaam was nie. Hy wou nie hê dat mense die indruk kry dat hy net vir die geld aan mense die evangelie verkondig en teer hy eintlik op die lidmate nie. Dit is hoe baie valse leraars in die dae van Paulus dit gedoen het. Om die waarheid te sê, Paulus het nooit oor sy finansiële behoeftes aan gemeentes geskryf nie. Hy was tevrede met wat die Here voorsien het. En as die onderhoud wat voorsien is nie al sy uitgawes gedek het nie, het hy met sy eie hande tente gemaak vir sy inkomste.

Die Filippense het die onderrig wat hulle ontvang het ter harte geneem. Kort na Paulus se vertrek van hulle af – hy was nog in Tessalonika wat ook in Masedonië geleë is – het hulle al vir hom gawes gestuur. Hier wys die Heilige Gees vir ons 'n gemeente wat maar skaars begin het, maar dit is een van die eerste praktiese dinge wat hulle begin doen het – hulle het dit 'n vaste gewoonte gemaak om aan die Here 'n dankoffer te gee.

Die eerste beginsel wat die Heilige Gees ons hier leer is dat gelowiges die inisiatief neem om 'n getroue Christendienskneg te ondersteun – iemand wat gefokus is op die eer van die Here en die uitbreiding van die evangelie, soos wat Paulus was. Ondersteun so iemand sonder dat jy verplig word om dit te doen. Wees daarom versigtig vir daardie predikers wat jou skuldig wil laat voel oor hoe dit met hom en sy bediening gaan. Vir daardie prediker gaan dit nie oor die eer van die Here nie maar oor die eer van sy eie naam en die koninkryk wat hy opgebou het.

Die tweede beginsel waarop die Heilige Gees ons wys is dat die Filippense Paulus in sy rekening van uitgawes en inkomste ondersteun het sodat hy die evangelie kon verkondig. Paulus het in elke gemeente klem daarop gelê dat 'n mens hard moet werk en jou nie oorgee aan gierigheid nie. Die Filippense het geweet dat hulle gawes nie bedoel is om vir Paulus 'n gemaksugtige lewe te verseker nie. Hulle het gegee sodat hy sy tyd en energie kan aanwend om Jesus Christus aan nog meer mense te verkondig.

Selfs wanneer Paulus die Filippense bedank vir die geskenk wat hy van hulle ontvang het, sê hy dat hy daarvoor bly is in die Here – nie omdat hy 'n gawe van hulle gesoek het nie,

maar omdat hy die vrug wat oorvloedig word op hulle rekening soek. Deurdat die Filippense die gawe gegee het, het dit duidelik geword dat hulle hart regtig vir die Here en sy werk klop – hulle wil hê dat Paulus sal kan voortgaan met die verkondiging van die evangelie.

Alhoewel Paulus nooit vir sy eie lewensonderhoud fondse gevra het nie, het hy dit op die gelowiges se harte gedruk om fondse te gee vir die lewensonderhoud van ander mense. Aan die Korintiërs het hy byvoorbeeld fondse gevra vir die arm gelowiges in Jerusalem. Wat homself betref, was Paulus tevrede met wat die Here voorsien het. Maar hy het egte sorg gedra vir die gelowiges in Jerusalem. En die motivering hoekom die Korintiërs fondse moes gee, was nie omdat die apostels in Jerusalem swaarkry nie, maar omdat God in sy Seun Jesus Christus so 'n groot genade aan die Korintiërs gegee het.

Die eerste beginsel is dat die gelowige op eie inisiatief sy dankoffer gee omdat hy gehoor het wat die Here sê. Die tweede beginsel is dat hy sy gawe gee vir die diensknegte wat daarop gefokus is om die Here te verheerlik en die evangelie van Christus uit te dra.

Die derde beginsel waarop die Heilige Gees wys is dat daardie getroue dankoffer aan die Here vir sy werk inderwaarheid 'n belegging in die ewigheid is. Paulus sê vir die Filippense dat hy na die vrug soek wat oorvloedig word op hulle rekening. Ons ken almal daardie bekende woorde van Jesus in die Bergpredikasie dat gelowiges skatte in die hemel moet bymekaarmaak (Matt 6:20). Dit bly altyd 'n vraag: Hoe maak mens skatte in die hemel bymekaar?

Dit is juis wat die Filippense besig was om te doen. Deurdat hulle fondse aan Paulus voorsien het sodat hy ongehinderd kon voortgaan om die evangelie te verkondig het hulle skatte in die hemel bymekaargemaak. Dit is hoe hulle rekening oorvloedig word. Deurdat Paulus ongehinderd kan voortgaan om die evangelie te verkondig, is die Heilige Gees besig om met die Woord mense te oortuig dat hulle sondaars is wat net deur Jesus Christus verlos kan word. En elkeen wat dan tot bekering en geloof in Christus kom, is nog een wat op die rekening van die Filippense kom – nog 'n waardevolle skat wat saam met die Filippense ook in die hemel sal wees.

Alle aardse beleggings het 'n risiko – party se risiko is groter as ander s'n. Maar daar is nie een belegging wat honderd persent gewaarborg kan word nie. Wanneer 'n mens egter met die middele wat jy het 'n belegging in die koninkryk van God maak, is die opbrengs altyd verseker. Die Here belowe immers dat sy Woord nie leeg tot Hom sal terugkeer nie. Die Heilige Gees sal mense tot bekering laat kom met sy Woord.

Maar wat motiveer 'n gelowige om getrou sy dankoffer aan die Here te gee? Luister net hoe beskryf Paulus die gawe van die Filippense wat hy van Epafroditos ontvang het – dit is 'n **lieflike geur, 'n welgevallige offer, welbehaaglik by God**. Dit is met sulke woorde waarmee die offers van die gelowiges in die Ou Testament beskryf is waarmee die Here tevrede was. Jesus Christus se offer aan die kruis vir die lewens van sondaars word ook genoem 'n offer aan God met 'n lieflike geur (Efes 5:2).

Jou dankoffer wat jy dus gee is nie maar net geld wat jy vir die kerk of vir die diaken gee nie. Inderwaarheid is jy met jou dankoffer besig om die Here self te dien, want jy gee dit vir Hom vir die werk wat Hy op die aarde verrig. Wanneer jy dan jou dankoffer gee, dink daaraan dat jy dit plaas in die hande wat met spykers deurboor was omdat Christus jou verlos het. Vra jouself dan nou die vraag: Sal my dankoffer anders lyk en sal my gesindheid anders wees as die Here persoonlik die dankoffer van my ontvang? Gee jy jou dankoffer met 'n hart vol liefde en lof aan die Here omdat jy Hom ook met jou dankoffer dien?

'n Dankoffer is dus 'n gawe wat die gelowige gee sonder dat hy daartoe aangepor hoef te word. Hy gee die gawe vir die kerk wat fokus op die eer van die Here en om die evangelie van Christus uit te dra. So 'n dankoffer is 'n belegging in die ewigheid – 'n skat wat in die hemel versamel word. En die gelowige doen dit met blydskap, want hy dien die Here bewustelik met sy dankoffer. Wie so getrou aan die Here gee vir die Here se werk, kry een van die rykste beloftes van die getroue God.

Aan hulle wat getrou gee, sal die Here getrou voorsien.

En my God sal elke behoefte van julle vervul na sy rykdom in heerlijkheid deur Christus Jesus. (Filippense 4:19 AFR53)

Let op, geliefdes, God self met wie die gelowige in 'n hegte verhouding lewe deur Jesus Christus is die fontein waaruit hierdie belofte stroom. In hierdie woorde hoor ons weer van die hegte, intieme verhouding waarin Paulus met die Here lewe. Hy praat van *my God*. Hierdie belofte wat die Heilige Gees tot die Filippense uitspreek is net van toepassing op daardie mens wat die Here werklik ken as sy God. En 'n mens kan God alleenlik so persoonlik ken, as jy deur die geloof in Jesus Christus Hom ken as jou almagtige God en Vader in die hemel. 'n Mens kan eers aan die Here 'n dankoffer gee wanneer jy sy verlossing in Jesus Christus ontvang het. Iemand wat nog nie vir Christus as sy Verlosser ken nie, kan net 'n gawe gee, maar dit is nie 'n dankoffer nie.

'n Mens moet ook mooi oplet wat belowe God aan sy kind wat getrou sy dankoffer gee. Hy sê dat Hy elke behoefte van sy kind sal vervul ooreenkomstig sy rykdom in heerlijkheid deur Christus Jesus. Wie getrou sy dankoffer gee aan die Here kan verseker wees dat sy God in elke behoefte van hom sal voorsien – let op die Here praat van behoefte en nie begeerte nie. Die Here ken elkeen van sy kinders – Hy sal nie te min gee sodat jy krepeer nie, Hy sal ook nie te veel gee sodat jy Hom vergeet nie. Die Here voorsien aan sy kind sodat sy kind kan aanhou om getrou sy dankoffer aan die Here te gee.

Baie maal vra mense: Sal ek dit werklik kan bekostig om aan die Here 'n dankoffer te gee terwyl ek so baie ander verpligtinge ook nog het? Vir so iemand kan 'n mens vra: Weet jy regtig wie hierdie belofte maak? Dit is die God aan wie die hele aarde behoort. Sy rykdom is onuitputlik. En die bewys daarvan het Hy vir ons laat neerskryf:

Hy wat selfs sy eie Seun nie gespaar het nie, maar Hom vir ons almal oorgegee het, hoe sal Hy nie saam met Hom ons ook alles genadiglik skenk nie?
(Romeine 8:32 AFR53)

Broer, suster en kind, die gelowige wat getrou sy dankoffer aan die Here gee, vir hom is die belofte vas en seker – sy God en Vader sal elke behoefte van hom vervul. In Christus Jesus kan hy daarop reken. Een van die dinge waarin elke gelowige self kan sien hoe dankbaar hy vir die Here se genade in Jesus Christus is, is om te kyk hoe lyk sy dankoffer vir die Here. Word die dankoffer gegee met 'n hart vol lof en dank aan die Here? Of is dit in vergelyking met wat jy elke maand kry die oorblyfsel net omdat daar iets oorgebly het?

Dit is wanneer dit by ons lewensonderhoud kom waar ons beslis sal weet of ons regtig die Here vertrou. Paulus het die Here vertrou, want deur Christus het hy die krag ontvang om tevrede te wees in elke omstandigheid en keer op keer het die Here genoeg voorsien. As jy die Here met jou hele hart vertrou en vir Hom jou dankoffer gee omdat Hy sy Seun vir jou gegee het, sal Hy sy belofte dag na dag vir jou laat waar word.

Amen!

Gebed

Formulier vir die bediening van die heilige doop aan kinders

Psalm 90:9 (p. 456)

- 9 Laat ons u werk aanskou wat nooit beswyk nie! / Laat van ons kroos u heerlijkheid nie wyk nie!
Laat oor ons aanlig al u lieflikhede! / En, HEER, verhoor ons in ons laaste bede:
Bevestig by die onguns van die tyd, / bevestig tog ons werk in ewigheid.

Slotpsalm 72:10, 11 (p. 363)

- 10 Laat al die volke^ouit wydste kringe / aan Hom hul dank bewys
vir matelose seëninge, / en Hom gelukkig prys.
Klim op, my lof, na hoër sfere! / Van bowe kom die seen;
want Is'els God aan Hom die ere! – / doen wonders, Hy alleen.
- 11 Sy Naam, bo alle naam verhewe, / sy uit eerbiedenis
die volle roem en eer gegewe / so lank daar wêreld is!
En laat so ver die sonlig bewe, / so ver die sonpyl skiet,
sy heerlijkheid die aarde^ooorswewe! / En "Amen" sê my lied!

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Katkisasieopening

Psalm 23:1 (p. 107)

- 1 Net soos 'n herder uittrek met sy skape / en hul laat neerlê in die veld van milde groen,
met sagte hand hul lei langs stille waters – / so is die HEER, so het Hy ook aan my gedoen:
Hy laaf my siel en lei my swakke skrede / in vaste spoor van sy geregtighede.

Ds Coenraad Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
3 September 2017